laurika:
een-en-twintig jaar op musiekverhoë

Na een-en-twintig trefferjare vier Laurika Rauch haar musiekloopbaan se mondigwording met 'n prag-duet in klank en beeld. Alta Beetge het met haar gesels.

Laurika se huis is soos haar musiek – lig, onopgesmuk en aards. En die gasvrou voel vir jou so bekend soos haar liedjies van een-en-twintig jaar.

mondig op die musiekfront

Om die mondigwording van haar musiekloopbaan te vier, is die album *19 Treffers van 21 Jaar* saamgestel. Terselfdertyd het Laurika Rauch

Boeke se debuut ook verskyn. Maar *Laurika Rauch: Treffers vir Klavier en Kitaar* is meer as 'n boek met bladmusiek, dit bied 'n foto-oorsig van een-en-twintig trefferjare. In plaas van 'n nuwe óf verskuilde snit op die CD, bederf Laurika haar aanhangers met 'n rekenaarskermskut (*screen saver*) bestaande uit 'n versameling van dié foto's.

waardering bied steeds bevrediging

Haar aanhangers is vir haar belangrik en sy praat graag met onbekende bekendes. "My pa het altyd daarna verwys as *encounters*. Dis so lekker!" Haar gehoor se waardering bied ná soveel buigings steeds bevrediging. "Applous is altyd wonderlik, want dit bied onmiddellike terugvoering. Iets wat ek poog om te behou, is my bravade van vroeër."

Laurika sê die voordeel van bekendheid is die geleentheid om met die beste in die musiekbedryf saam te werk. "Wat ek van die Suid-Afrikaanse bedryf waardeer, is die toegewydheid van al die betrokkenes."

'n passie vir lig

"Een van my grootste uitdagings is die dissipline wat verband hou met werk op die kleiner verhoog. Die klein gehoor is vir my die *ultimate*."

Bly daar nog ideale oor? "Ek weet nie of ek ooit daarby sal uitkom nie, maar ek sou graag die kuns van verhoogbeligting wou bestudeer. Ek het 'n passie vir lig." Saam met die mondigwording het daar in haar as kunstenaar ook volwassenheid gekom. "Ervaring maak jou gesout en jy besef alles verdof met tyd, ook die foute. As dit wat jy in die oë van mense is vir jou belangrik is, is dié beroep beslis nie vir jou nie," lag sy.

mense wat sy liefhet

Wat die mense wat sy liefhet betref, spog sy onbeskaamd dat haar tieners, Simon (17) en Nina (12), die wonderlikste kinders in die hele wêreld is. En haar man Christopher Torr, professor in Ekonomie en 'n gerespekteerde akademikus, is een van haar gunsteling-liedjieskrywers. "Omdat ek nie self skryf nie, moet ek staatmaak op ander vir lirieke van waarde. Chris se liedjies is tydloos en dieper as 'n storielyn, dis asof hy die hart van menswees vasvang. Jy kan sy liedjies proe, sien, voel en ruik ...

meer oor laurika ...

- Gunsteling-gereg vir kaggel-kuiers: My eie, tuisgemaakte botterskorsiesop met preie.
- Sterkste eienskap: As ek iets begin, maak ek klaar. Ek maak lysies, want as dit op papier is, kla dit my aan.
- Haar hartraak-musiek: *Vir Jou*, veral die musiekvideo met klein Simon, *Stille Waters*, Chris se eie skepping, *Song of the Old Lovers* van Brel en *Kabouterliefde*.

Bestel die musiekboek: *Laurika Rauch: Treffers vir Klavier en Kitaar* van: Laurika Rauch Boeke, Telefoon/faks (012) 667-1492. laurika@icon.co.za
Bestel die CD: *19 Treffers van 21 Jaar* van: Select Musiek (Wendy), Telefoon/faks (011) 792-0145/6/7/9. wendy@select.co.za